

Gereformeerde Kerk Bellville – 27 November 2016 – Nabetrugting

Sing vooraf staande: Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehag.

Gebed

Psalm 1:1, 4 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagtnis bring.
- 4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het –
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Skriflesing: Matteus 7:13-28; Heidelbergse Kategismus, Sondag 7:20

Kernvers: Matteus 7:14

Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind. (Matteus 7:14 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee (a); maar slegs dié wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).

(a) Matt 7:14; 22:14. (b) Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16, 18, 36; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:16.

Tema: Die getal mense wat deur Christus salig word
is minder as hulle wat nie salig word nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die gelowige wat in gesprek is met die vraagsteller in die Heidelbergse Kategismus het nou al vanuit die Skrif aangetoon dat alle mense in sonde ontvang en gebore word. In eenvoudige taal beteken dit dat alle mense met 'n son-

dige geaardheid gebore word. Hierdie sondige geaardheid is al klaar genoeg rede vir die Here om alle mense te veroordeel tot die ewige dood.

Die vraagsteller het algaande tot die besef gekom dat hy self ook aan die verkeerde kant van God staan. Hy staan saam met alle mense aan die kant wat die regverdige straf van God verdien. Met groot benoudheid het hy toe gevra hoe mense van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem kan word. Die gelowige het hom toe daarop gewys dat daar twee dinge moet gebeur sodat daar aan God se regverdige eis voldoen kan word. In die eerste plek moet die skuld betaal word deurdat die straf gedra word. En in die tweede plek moet die wet van God volmaak volbring word, want net hulle wat volmaak is kan uiteindelik weer in genade aangeneem word en in God se ewige koninkryk inkom.

Hierdie antwoord van die gelowige het daartoe gelei dat die vraagsteller begin uitvra het oor die moontlikheid van iemand wat aan hierdie geregtigheid van God kan voldoen sodat die mens verlos kan wees. Uiteindelik het die gelowige die vraagsteller daarop gewys dat daar regtig net Een is wat waarlik die Verlosser en Middelaar van mense kan wees. Hy is Jesus Christus, want Hy is 'n ware en regverdige mens en Hy is tegelykertyd ook ware God.

Op grond van wat die vraagsteller al hier en daar in die Bybel gelees het, vra hy dan of alle mense dan weer deur Christus salig word soos wat hulle deur Adam verlore gegaan het. Die gelowige antwoord toe sommer dadelik: Nee, alle mense word nie deur Christus salig soos wat hulle deur Adam verlore gegaan het nie. Maar voordat hy verder kan verduidelik, val die vraagsteller hom in die rede en sê: Maar kyk wat staan dan hier in Romeine geskryf:

Soos een oortreding gelei het tot veroordeling van alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vrypraak en lewe vir almal.
(Romeine 5:18 AFR83)

En dit is nie al nie. Kyk wat staan hier in 1 Johannes geskryf:

My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. (1 Johannes 2:1-2 AFR53)

By die vraagsteller is daar nie twyfel nie. Dit staan geskryf dat die een daad van gehoorsaamheid tot vrypraak en lewe vir almal lei en dat Christus die versoening is vir die sondes van die hele wêreld. Maar nou moet die gelowige sy vraagsteller daarop wys dat 'n mens die Bybel nie so moet lees nie. 'n Mens kan nie net een of twee verse vat en dink dit is al wat oor 'n saak gesê word nie. Buitendien moet 'n mens elke vers binne die konteks lees en verklaar. Die twee verse waarop die vraagsteller gewys het waarin die woorde *almal* en *die hele wêreld* gebruik word sê dat Christus nie net die Verlosser is vir 'n sekere volk se mense nie. Christus is die Verlosser wat God gee sodat uit elke volk, taal en nasie mense gered kan word.

Dit is na aanleiding van Matteus 7:14 wat die gelowige aan sy vraagsteller verduidelik hoekom hy gesê het dat nie alle mense deur Christus salig word soos wat hulle deur Adam verlore gegaan het nie. Kom ons luister na wat die gelowige sy vraagsteller geleer het.

Broers, susters en kinders, Jesus maak dit duidelik dat daar net twee paaie is – 'n breë een en 'n smal enetjie. Jesus teken 'n kleurvolle prentjie vir ons met hierdie beeld. Een pad is maklik, want dit is 'n breë pad. Daar is ruimte op hierdie pad. Daar is plek vir elke opinie onder die son. Op hierdie pad is daar niks wat jou verbied om te sê en te doen wat jy wil nie. Jy kan regtig maar doen net wat jy wil en waarvoor jy lus het. As jy lus het om jou nie

aan gesag te onderwerp nie, dan doen jy dit. Niemand gaan jou verkwalik nie. Niemand gaan aanstoot neem nie, want daar is mos ruimte vir elkeen op hierdie breë pad. Ander mense sal verdraagsaam wees teenoor jou, want dit is mos jou reg om te maak soos wat jy wil. Hulle geniet dan self hierdie ruimte om te doen wat hulle wil. Op hierdie pad is daar net mooi niks wat jou aan bande kan lê en beperk nie.

Op hierdie breë pad is daar nie eers spoedbultjies nie. As jy voet in die hoek gesit het, is die pad oop en wyd. Jy kan maar voortjaag so vinnig en so ver as wat jy wil. Daar is nie grense of reëls wat jou manier van dink en doen gaan verhinder nie. Jy kan jouself oorgee aan elke begeerte wat in jou hart opkom. Iemand wat ligsinnig en oppervlakkig lewe, is meer as welkom op hierdie pad. Wie selfsugtig is, kry ook plek soveel as wat hy wil hê. Selfs die mense wat so 'n kammaverhouding met die Here het – hulle wat Sondae ewe vroom en sedig in eredienste sit, maar buite die kerkgebou soos die duivel self te kere gaan – het 'n plek op hierdie pad. Ook hulle wat soos masjiene hulle verhouding met die Here aan die gang hou – die wat outomaties meedoen, maar hulle harte is nie betrokke in hulle verhouding met die Here nie – hulle is ook welkom op die breë pad. Diegene wat hulle beywer vir 'n knus en gemaklike aardse lewe omdat dit al is wat daar vir hulle bestaan, is meer as welkom op die breë pad. Dit is nie eers nodig om die lewenstyl wat geskik is vir die breë pad aan te leer nie. 'n Mens het geen moeite om enige van hierdie bogenoemde goed te doen nie. Dit is 'n lewenstyl wat maklik kom, want dit kom sommer vanself uit die sondige hart van die mens op. Daarom is hierdie breë pad so maklik.

In vergelyking met die breë pad is die smal paadjie maar moeilik. Daar is duidelike, gemerkte grense. Dit is grense wat nie deur mense gemaak is nie maar wat die Here self gestel het. Onthou bietjie wat die gelowige oor Jesus heel aan die begin gesê het. Hy as gelowige behoort aan Jesus Christus omdat Hy hom met sy kosbare bloed losgekoop het van die heerskappy van die duivel. As gelowige behoort hy dan met liggaam en siel aan Jesus Christus. Daarom het die Here dan reg om te sê hoe mense op die smal paadjie sal lewe. Die grense op die smal paadjie word een vir een uitgespel in die Woord van God.

Dit is tog immers in die Bybel waarin die Here sê wat Christene mag glo en hoe hulle hulle in die wêreld moet gedra. Jesus sê dit self: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.* Christene moet dus vir Jesus Christus ken as die Seun van die lewende God en hulle moet in Hom glo. Die mens wat nie in Jesus glo nie, kan nie by die Vader kom nie, al lyk die paadjie waarop hy is hoe goed en wonderlik.

Verder sit die Bybel ook vir Christene uiteen oor hoe hulle mag optree. Die Here sê hoe gelowiges moet optree teenoor hulle ouers en almal wat Hy oor hulle aangestel het. Almal wat in 'n gesagsposisie is moet gerespekteer en gehoorsaam word. Jy mag nie jou frustrasies en woede op ander mense uithaal nie. Jy mag nie vloek en skel nie. Die Here sê ook hoe ver 'n mens in 'n verhouding met iemand van die ander geslag mag gaan.

Aan die een kant is hierdie smal weg 'n moeilike manier van lewe. Hier kan jy nie maar met jou aangebore lewenstyl aangaan nie. Jy moet leer om jou emosies te beheer. Jy moet daaraan gewoond raak dat nie al die begeertes in jou hart goed en reg is vir die Here nie. Tog, aan die ander kant, is die lewe op hierdie smal weg maklik, want die gelowige mag die Here smee dat sy Gees aan hom die moed en krag gee om ontslae te raak van die dinge wat nie tuishoort op die smal weg nie. En die swaar las wat die gelowige gehad het, het Jesus gedra en in ruil daarvoor het Hy 'n ligte las gegee.

Hierdie twee weë lei na twee verskillende poorte toe. Die poort waarheen die breë weg lei, is wawyd groot. Gevolglik is daar geen beperking op wat 'n mens by hierdie wye poort kan

inneem nie. Jy gaan nie belasting betaal nie. Daarom hoef jy niks agter te laat nie, nie eers jou sondes nie, nie jou eie geregtigheid nie en en ook nie jou trots nie.

Die poort waarheen die smal weg lei, is egter baie nou. By geleentheid het Jesus gesê dit is so nou soos die oog van 'n naald. As jy by hierdie poort wil ingaan, moet 'n mens alles agterlaat, jou sonde, jou selfsugtige ambisies, jou sondige begeertes, en in sommige gevalle ook jou familie en vriende. Niemand kan Jesus volg as hy homself nie eers verloën het nie. En die nou poort is soos 'n draaihek. Die wat daardeur ingaan, kan net een-een ingaan. 'n Mens gaan daar in net met vertroue in Christus. En wie deur Christus ingegaan het, sal die lewe in oorvloed hê, sê Hy.

Dit bring ons by 'n derde blik op die kleurvolle prentjie wat Jesus vir ons skilder, naamlik die twee bestemmings van hierdie twee weë. Wanneer Jesus die bestemming van die breë pad en wye poort bekend maak, draai Hy nie doekies om nie. Dié bestemming is die verderf. Dit is al wat Hy sê.

Miskien is die ewige verwoesting in die hel so groot dat ons dit met ons beperkte verstand nie behoorlik sal begryp as die Here dit moes uitspel nie. Die heerlijkheid en skoonheid van die hemel en die nuwe Jerusalem is ook so groot dat die Here in Openbaring 21 net vir ons sê wat nie daar sal wees nie. Maar die verskriklikheid van die woord *verderf* gee aan ons die aanduiding om ten minste te kan sê dat alles wat goed is nie in die bestemming van die breë pad en wye poort te vind sal wees nie. Liefde en prag, skoonheid en waarheid, vreugde, vrede en hoop sal in die verderf nie gevind word nie – vir altyd en ewig sal dit nie gevind word nie. Hierdie vooruitsig is so verskriklik dat 'n mens dit nie sonder trane kan oordink nie. Die breë pad is 'n pad van selfmoord.

Daarteenoor, die smal pad wat na die nou poort toe lei se bestemming is die lewe. Dit is nie maar net asemhaal-lewe nie, dit is die ewige lewe in sy volheid en rykheid. Dit is die lewe wat Christene reeds hier begin lewe omdat hulle in 'n verhouding met God is, en wat in die ewigheid tot volmaaktheid sal kom. Christene sal na die wederkoms van Christus saam met Christus en God op die nuwe aarde lewe. Dan sal hulle volmaak wees, want daar sal nooit weer sonde wees nie en hulle sal hulle in alle volmaaktheid kan toewy aan hulle diens aan God en hulle naaste.

Die laaste saak wat duidelik word uit Jesus se woorde is die twee groepe mense. Op die breë pad wat na die wye poort toe lei, is daar baie mense. Die breë pad is 'n besige wandellaan, gepak met voetgangers van elke soort daarop. Die smal pad wat na die lewe lei, is in vergelyking met die breë pad maar relatief verlate. Die mense wat die smal pad en nou poort kry, is maar min. Christene sal altyd 'n minderheid wees.

Die mense op die breë pad is oënskynlik sorgvry op pad sonder dat hulle ooit daaraan dink wat 'n verskriklike einde op hulle wag. Dit is 'n joligheid op die breë pad met die menigte daarop. Dit lyk baie maal asof die mense op die breë pad die gelukkigste mense is. Hulle het rykdom en geen sorg nie. Maar dit is maar net hoe dit lyk.

Op die smal pad is daar klein groepies gelowiges, baie maal gestroop van aardse rykdom, maar tog gelukkig en tevrede. Met hulle rug gedraai op die sonde is hulle oë gerig op die nuwe Jerusalem wat soos 'n bruid straal nadat sy gereed gemaak het vir haar Bruidegom. En hulle sing lofliedere tot eer van Hom wat hulle aan Jesus toevertrou het om hulle in die ewige lewe in te lei waar hulle hulle hemelse Vader vir ewig kan loof en prys.

Om dan saam te vat, geliefdes: Jesus maak dit so duidelik dat selfs 'n kind dit kan begryp. Daar is net twee paaie, 'n breë pad en 'n smal pad – daar is nie 'n middeweg nie; daar is

net twee poorte, 'n wye en 'n nou een – daar is nie 'n ander poort nie. Op hierdie twee paaie is daar twee groepe mense, 'n groot groep en 'n klein groepie – daar is nie 'n neutrale groep nie. En die bestemmings van hierdie twee paaie is óf verderf óf die lewe – daar is nie 'n derde een om van te kies nie. Hierdie onderrig wat Jesus gee, is glad nie populêr nie. Die antwoord wat die gelowige aan sy vraagsteller ook gee, is nie populêr nie. Net die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aanneem, word deur Christus salig.

Volgende keer sal die gelowige vertel hoe die Here hom geleer het 'n mens op die smal pad kom wat na die nou poort en die lewe lei.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:2, 12 (p. 366)

- 2 Ek het gepeins, diep in my hart / in lewensraaisels lank verward,
toe 'k moes aanskou met lede oë / hoe boosaards aangroei in vermoë.
Hul is gesond en lewe lank, / maar ander word van kwellings krank;
op hulle rus geen ongeluk, / maar ander slyt hul lewe in druk.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 November 2016